**16 November** **Skrifgedeelte: Matteus 22:34-46**
**Fokusgedeelte: Matteus 22:41-46**

**Hy is Here, Seun van Dawid!**

Oor al die eeue is die vraag al honderde kere gevra: Wie is Jesus? Baie antwoorde is al geformuleer, baie menings gelug. Die Woord van God getuig: Hy is die Christus, ons Here, Seun van die lewende God. Die Fariseërs wou dit nie glo nie. Hieroor tree Jesus nou met hulle in gesprek. Op sy vraag wie hulle meen die Messias is, wie se Seun Christus is, het hulle onmiddellik geantwoord: "Dawid s'n …" Hierop gaan Jesus nou dieper in. Hy wil die Fariseërs bring by die waarheid dat die Seun van Dawid ook Dawid se Here is, dat Hy nie net mens is nie, maar ook God. Deur die inspirasie van die Heilige Gees het Dawid in Psalm 110:1 die heerskappy van Christus as Koning oor alles besing. Christus haal nou hierdie psalm aan (vs 44): "Die Here het vir my Here gesê: Sit aan my regterhand totdat Ek jou vyande aan jou onderwerp het." As Dawid dan met "my Here" verwys na die Messias, na Christus, hoe kan Hy ook Dawid se Seun wees? Dit is die vraag wat Jesus voor die Fariseërs lê. Hulle kon Hom nie antwoord nie.

Óns ken die antwoord. Die Messias is die Seun van Dawid, maar ook die Seun van God. Daarom glo ons in Hom: God uit God, lig uit lig, ware God uit ware God. Hý het mens geword.

*Sing: Skrifberyming 3-2:1, 2* *Ds. WGM Kotze (Rooihuiskraal)*